

Saterdag 1 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 1

Fokusgedeelte: Jeremia 1:11, 12
(1933/53-vertaling)

Die Here is wakker oor sy Woord

Die amandelboom is volop in Palestina. Dit is 'n simbool van hoop en nuwe lewe, want die boom se bloeiseltjies kom al uit voor enige ander bome begin bot. Jy kan nog nie sien dit is lente nie, dan is die wit blommetjies alreeds daar!

Daar is nog meer betekenis aan hierdie visioen van die amandeltak. Hier is 'n skerp woordspeling wat ons in ons Afrikaanse vertalings mis. Die woord vir "amandeltak" en "waaksaam" gebruik dieselfde woordstam. Die amandeltak is dus ook 'n simbool van waaksaamheid, of "wakker wees". Daarom sê die Here met die visioen van die amandeltak vir Jeremia dat Hy "wakker is oor sy woord om dit te volbring".

Ons sien in Eksodus 25 ook dat die arms van die goue kandelaar in die tabernakel amandeltakke voorgestel het. Die goue kandelaar was dus die simbool van die Here se alomteenwoordige waaksaamheid - sy Gees is 'n soeklig. Die boodskap wat Jeremia moet hoor? Die Here is wakker om te doen wat Hy sê!

Die boodskap wat Jeremia moet verkondig, is die komende ballingskap. Dit sal sekerlik gebeur. Die oordeel kom! Tog is die hoop alreeds sigbaar, want die Here wil nie met die ballingskap die hele volk uitwis nie. Nee, Hy wil met die ballingskap vir Homself 'n oorblyfsel oorhou. Die "wit blommetjies" van die amandeltak is alreeds sigbaar!

Ek en jy het hierdie onwankelbare sekerheid dat die Here se alomteenwoordige Gees wakker is om die Woord te vervul. Die Here se Woord keer nie leeg na Hom terug nie, maar sy Woord sal doen wat Hy gedoen wil hê (Jes. 55:11). Ons kan daarom met alles vashou aan die beloftes in die Here se Woord, want Hy is wakker om dit te volbring. *Al moet ons soms die sware hand van die Here op ons voel, is elke belofte in die Woord steeds "ja" en "Amen" in Christus! (2 Kor. 1:20), want Hy is wakker oor sy Woord.*

Sing: Psalm 2-1:1, 6

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)